# *Nuwe trieks vir ou honde*

## deur

## Christien Neser

**MEMORANDUM**

**AFRIKAANS HUISTAAL GRAAD 6 /**

**AFRIKAANS EAT GRAAD 7**

## HOOFSTUK 1 – Dis ’n hondelewe vir Happy

1.1. ’n Hondeskuiling is ’n plek waar diere versorg word wat nie ’n huis het nie of wat dalk verdwaal het en nie weer hul huis kon vind nie.

1.2. Hy verwys na **mense** (die lesers).

1.3. Honde se **reuk**, **gehoor** en **sig** is baie skerper as die van mense. (**Enige twee**.)

1.4. Hy weet watter dag dit is aangesien die vullislorrie Dinsdae die vullis kom haal.

1.5. Happy, twee schnauzers, die rottweiler, die brakke in hok 12, Bonzo en Beetle (twee worshonde) en Rockie (straatbrak en bakleier).

1.6. Josef praat met Happy.

1.7. Stoffel Solomon

1.8. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

1.9. Die skoolkinders kom lees stories vir die honde.

1.10. Hulle name is ironies aangesien dit dieselfde name as die karakters in die Bybel is (Jesus se ouers). Happy (Stoffel) was die vorige jaar saam met oupa Solly na die kinders se Kersspel. Daar het hy amok gemaak en die skape gejaag. Dit is waar hy die Bybelverhaal van Josef en Maria gehoor het.

1.11. Genadedood

1.12. Eerstepersoonsverteller

1.13. “ek” (**Die leerder moet aanhaal uit die teks**.)

1.14. **B** (klanknabootsing)

1.15. Die ruimte is die Helderberg Hondeskuiling.

1.16. intensiewe vorm

1.17. reënboogbruggie / hondehemel (**Enige EEN**)

## HOOFSTUK 2 – Daniel maak nie hond haaraf nie

2.1. Daniel wil nie sien hoe sy klasmaats (“graadsewes” asook “onderdertiens”) sportveld toe hardloop nie.

2.2. Hy wil eerder saam met sy klasmaats hokkie speel as om die hondeskuiling te besoek.

2.3. Meneer Bakkes rig hokkie af.

2.4. **Leerder se eie antwoord**.

2.5. Daniel het ’n spraakprobleem naamlik dat hy **hakkel**.

2.6. Die hondeskuiling kan nie die honde vir te lank hou nie aangesien hulle op donasies staatmaak om die honde te voer. Maria noem aan Josef dat hulle ná twee weke ’n plan sal moet maak met Happy.

2.7. Juffrou Bosman weet dat Daniel hakkel en wil hom nie vernederd laat voel voor die ander leerders nie.

2.8. Hulle is **nege** jaar oud.

2.9. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

2.10. Daniel wil nie vir die honde lees nie weens sy spraakprobleem.

2.11.1. **C**

2.11.2. **A**

2.11.3. **E**

2.11.4. **B**

2.11.5. **D**

2.12. Dit beteken die persoon kry niks uitgerig nie of die persoon was te sleg om iets te doen.

2.13. a) volop
b) oneerlik
c) slegter
d) wen
e) lewe

## HOOFSTUK 3 – Geen hond kan dit hou nie

3.1. Rockie het vir Happy gebyt en as straf moet hy by die rottweiler slaap.

3.2. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

3.3. a) **WAAR**
b) **WAAR**
c) **ONWAAR**
d) **ONWAAR**
e) **ONWAAR**

3.4. Daniel kyk na Happy en besef dat hy baie soos die hond lyk wat die vorige jaar skape by die Kersspel rondgejaag het en heel waarskynlik oupa Solly se hond is.
3.5. Tintin is ’n karakter in ’n bekende strokiesboek.
3.6. Die persoon sukkel om sekere woorde, klanke of sinne vlot uit te spreek.
3.7. Daniel se arms en bene is lank, sy oë lyk bang en sy tande blink.
3.8. ’n Strokiesboek is ’n verhaal wat met prente vertel word. Die dialoog word in spraakborrels by die prentjie geplaas. ’n Jeugroman is ’n storie soos die boek (storie of verhaal) wat jy nou lees. Meeste jeugromans bevat nie enige prente nie.

## HOOFSTUK 4 – Twee honde baklei om ’n been, die derde hardloop daarmee weg

4.1. Juffrou Bosman het uitgevind dat Daniel baie goed en vlot kan lees.
4.2. Daniel hakkel en is bang dat die ander leerders vir hom gaan lag as hy lees of praat.
4.3. Meneer Bakkes het vir juffrou Bosman ingelig dat Daniel weier om hardop in die klas te lees en te praat.
4.4. **Leerder se eie antwoord**.
4.5. Happy is ’n steekhaarterriër.
4.6. Hulle kan baie besitlik raak.
4.7. Hy is bang dat die veearts hom die genadedood kom toedien deur hom in te spuit. Dan sal hy nooit weer vir oupa Solly sien nie.
4.8. **ONWAAR**
4.9. Die hond is dieselfde hond wat die skape by die Kersspel rondgejaag het.
4.10. **Leerder se eie antwoord**.
4.11. Die idioom se betekenis moet aan die hand van ’n voorbeeld verwoord word. **Voorbeeld**: ’n Broer en suster stry oor wie die laaste gebakte aartappel kan eet. Terwyl hulle daaroor stry, neem hul oudste suster die gebakte aartappel en eet dit op.
4.12. Happy het uit die hondeskuiling ontsnap en weggehardloop. Hulle sal hom moet soek.

4.13. a) Daniel **het** trane agter sy oë **ge**voel brand.
Daniel **sal** trane agter sy oë voel brand.
b) Die hond **het** los**ge**ruk en **het** soos 'n koekie seep uit sy arms geskiet.
Die hond **sal** losruk en **sal** soos 'n koekie seep uit sy arms skiet.
c) Die hond **het** soos blits tussen almal se bene deur**ge**glip.
Die hond **sal** soos blits tussen almal se bene deurglip.
d) Hy **het** na die snoet af**ge**kyk wat tussen die krulle uit**ge**steek **het**.
Hy **sal** na die snoet afkyk wat tussen die krulle **sal** uitsteek.
e) Daniel **het ge**sien hoe Happy sy lyftaal verander **het**.
Daniel **sal** sien hoe Happy sy lyftaal **sal** verander.

(**Onthou**: Indien daar 'n **voegwoord** in die sin is, moet beide sinne se tyd verander.)

## HOOFSTUK 5 – Stoffel kry hond se gedagtes

5.1. 'n Veearts is 'n dokter vir diere. Hy of sy gee vir die diere medikasie indien hulle siek is of doen operasies wanneer nodig. (**Enige relevante antwoord**.)
5.2. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)
5.3. Maria het onthou dat die van op Happy se halsband "Solomon" was.
5.4. Happy is bang dat die veearts hom gaan kom inspuit (genadedood) en hy wil vir oupa Solly gaan soek.
5.5. Hy het by die vlakhase geleer wat hy altyd gejaag het.
5.6. 'n Ouer hond kan nie sommer nuwe gewoontes of maniere aanleer nie. (Dit is die betekenis van die **idioom**.) Die vraag kan ook daarna verwys dat Josef-hulle nie moet dink dat honde (soos Happy) nie nuwe trieks kan leer nie. (**Enige van die antwoorde is aanvaarbaar**.)
5.7. Hy ruik Hilman's se geurige hondekorrels.
5.8. Oupa Solly is Happy (Stoffel) se eienaar.
5.9. Happy wil eerder self na oupa Solly gaan soek aangesien Josef en Maria hom nie kan opspoor nie.
5.10. Willowvale
5.11. Hy is maerder weens die slegte hondekos wat hy by die skuiling eet.
5.12. Dit beteken dat iemand wantrouend word. Hulle het hulle bedenkinge oor iets.

5.13. a) ’n Haas met ’n grys rug, wit pens en rooierige bene wat van vlaktes hou.
b) (**Werkwoord**) Om goed of fyn te luister.
c) ’n Skurende geluid te maak.
d) Om langsaam te tril met ’n dowwe geluid.
e) Die lang bek en neus van ’n dier.

5.14. Die persoon wil vrede maak.

5.15. **Hys**: Die landsvlag word deur die leerders gehys.
**Huis**: Happy het nie ’n gesin wat in ’n huis woon nie.

**HOOFSTUK 6 – Vir Daniel gaan dit om die hondjie, nie die halsband nie**

6.1. Happy het deur die veld na die fabrieke gehardloop.

6.2. Daar is baie gate in die veld.

6.3. Josef gaan die bakkie haal. Daarna gaan hy deur die fabrieke ry om Happy aan die bokant van die veld te vang.

6.4. Daar is rommel wat oral rondlê in die veld.

6.5. Daniel het Happy se rooi leiband aan ’n bos sien hang. Dit gee vir Josef en Daniel ’n idee in watter rigting hulle vir Happy moet gaan soek.

6.6. Daniel se boek was ’n geskenk van sy ouma Ivy wat oorlede is.

6.7. **Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.

6.8. Die ruimte in hierdie hoofstuk is belangrik aangesien die verhaal hoofsaaklik hier gaan afspeel.

6.9. Ouma Ivy het baie van boeke gehou. (Sy het daarvan gehou om te lees.)

6.10. a) Hy is **nie** op pad na die fabrieke toe **nie**.
b) **Nee**, **ek** kan hom **nie meer** sien **nie**.
c) Happy se wit stert wapper **nie** duidelik bo die kort gras **nie**.
d) Daniel klim **nie** hande-viervoet soos ’n bobbejaan **nie**.
e) Die hele hoop grond breek **nie** onder hom weg **nie**.

**HOOFSTUK 7 – Haastige hond verbrand sy mond**

7.1. Happy en oupa Solly het elke middag in die veld gaan stap.

7.2. Die vlakhase het oral gate in die veld waarin hulle kon skuil wanneer Happy hulle gejaag het.

7.3. Dit beteken dat jy iemand se gedrag of stem naboots. Jy doen iets op dieselfde manier as wat die persoon dit doen.

7.4. **ONWAAR**

7.5. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

7.6. Beesvleis-en-groente is sy gunstelinggeur.

7.7. Daar was dobermanns wat hom deur die heining gebyt het.

7.8. 'n Hond se stert is sy trots.

7.9. Vir die hond is sy stert belangrik aangesien dit sy trots is en vir die eienaar is dit belangrik aangesien 'n hond emosie toon deur sy of haar stert te swaai.

7.10. Happy het by 'n mangat ingeval en is onder in die stormwaterpyp vasgekeer.

7.11. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

7.12. **Leestekens**: punt / vraagteken / uitroepteken
**Skryftekens**: kappie / koppelteken / akuut-aksentteken

7.13. a) Die wind waai die heerlikste geur na my aan, **maar** dit moet beesvleis-en-groente wees.
b) Daar is ape wat by my kan kom les neem, **want** ek klim vir die eerste span.

## HOOFSTUK 8 – Jou eie hond byt die seerste

8.1. Daniel het teen die agterkant van 'n skuins grondwal afgeskuur en toe in die oop mangat geval.

8.2. Die pyp was glad en glibberig.

8.3. Dit kan daarop dui dat die persoon kwaad of hewiglik ontsteld is (soos in Daniel se pa se geval). ("horries".)

8.4. Dit is gevaarlik aangesien mense en diere in die gate kan val en hulself beseer.

8.5. Daniel se pa is 'n munisipale siviele inspekteur.

8.6. Die deksels word vir skrootmetaal verkoop.

8.7. Ongeveer ses meter onder die grond.

8.8. Die persoon raak mismoedig of voel hulpeloos.

8.9. **Leerder se eie antwoord**.

8.10. **Leerder se eie antwoord**.

8.11. Die tipografie dui aan hoe Daniel dieper af in die mangat val.

8.12. Die uitroep is ironies aangesien hy in die mangat geval het omdat daar nie 'n deksel op die mangat was nie.

8.13. die, 'n

8.14. a) kyk
b) skuur
c) staan

## HOOFSTUK 9 – Nou is jou tjank afgetrap, Stoffel

9.1. Dit beteken dat Happy se geluk tot 'n einde gekom het. Hy is op sy plek gesit deur middel van die ongeluk in die veld.

9.2. Sy lyf bewe omdat hy geskrik het.

9.3. Hy herken Daniel se reuk. Daniel ruik na botter en Bovril.

9.4. Daniel blameer Happy dat hy nou in die gat vasgevang is.

9.5. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

9.6. Een jaar in 'n hond se lewe is gelykstaande aan 7 mensjare.

9.7. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

9.8. Happy is nie sy regte naam nie.

9.9. Daar lê 'n boom in die stormwaterpyp (tonnel).

9.10. **Leerder se eie antwoord**.

9.11. Happy (Stoffel) is die verteller in die hoofstuk.

9.12. Dit is gevaarlik om in sekere onbekende plekke te gaan stap. (**Enige soortgelyke antwoord kan oorweeg word**.)

9.13. Iemand wat dreig of raas, hoef nie gevrees te word nie.

9.14. mensjare / skoolwerk / soek / stormwaterpyp / verskoning / verstop

## HOOFSTUK 10 – Blaf saam met die honde en huil saam met die wolwe

10.1. **Leerder se eie voorspelling**. (Hy gaan die boom gebruik om uit die tonnel te klim.)

10.2. Sebastian Matroos is Daniel se pa.

10.3. Daniel is te swaar om teen die boom se dun takke op te klim.

10.4. Daniel gaan Happy help om teen die boomstam op te klim.

10.5. Hy sal nooit weer saam met sy pa gaan visvang nie.

Hy sal nooit weer 'n lekker fliek saam met sy ma kan kyk nie.

Hy sal nooit weer 'n doel in 'n hokkiewedstryd kan skop nie.

Hy sal nooit weer vir Colette sien glimlag nie.

10.6. Hy moet hom verbeel dat almal 'n klomp honde is.

10.7. Happy het by oupa Stoffel se kat geleer hoe om boom te klim.

10.8. Die boek is spesiaal aangesien dit 'n geskenk van sy oorlede ouma was.

10.9. Hy gaan Happy se halsband aansit en 'n briefie ('n bladsy geskeur uit sy boek) met een van sy rooi sportveters daaraan vasbind. Hy gaan ook een van sy hokkiekouse met sy naam wat daarop geskryf is aan Happy se halsband vasbind.

10.10. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

10.11. Ons **t**ieket uit die **t**onnel uit. (**konsonant** wat herhaal word)

10.12. Die tonnel se vloer is vol modder. Daar is 'n stapel klippe waarop Daniel sit. Die tonnel stink.

10.13. a) My pa gebruik die **leer** om op die huis se dak te klim.

Ons sitkamerstel is met swart **leer** oorgetrek.

b) Ek **leer** baie hard vir volgende week se toets.

c) Die koekieblik is **leër** nadat ek te veel van die koekies opgeëet het.

Suid-Afrika se **leër** gaan nie aan enige oorlogvoering deelneem nie.

d) Ek moet al my notas in my groen **lêer** liasseer.

## HOOFSTUK 11 – Jy lyk soos 'n hond wat vet gesteel het

11.1. Happy voel selfbewus of skaam oor die papiertjie aan sy halsband en die twee sokkies om sy lyf.

11.2. 'n Hanswors is 'n sinoniem vir 'n nar. Dit is iemand wat ander mense laat lag deur hul voorkoms en gedrag.

11.3. Daniel belowe vir Happy dat hy sy hele Fizzer kan kry wanneer hy terugkom. (Dit is sy **eerste** belofte aan Happy.)

11.4. **ONWAAR**

11.5. In Afrikaans is Tintin se naam “Kuifie” en in Frans is sy hond se naam “Milou”.

11.6. Oupa Solly was sy hele lewe lank ’n tandarts.

11.7. Oupa Solly het hom geleer om eers te wag totdat die motors stop voor hy oor die pad loop.

11.8. Happy onthou die dag van die motorongeluk waarin hy en oupa Solly betrokke was. (Hy is later ook bang dat die polisie hom kom haal.)

11.9. Samuel was lank gelede in ’n duikongeluk.

11.10. Josef het Happy by oupa Solly se Ford kom vang en na die hondeskuiling geneem.

11.11. **B** (vergelyking)

## HOOFSTUK 12 – Daniel kou harde bene

12.1. Dit het donker (aand of skemer) geword. (Dit is laat in die middag.)

12.2. Daniel het belowe dat hy die hele Fizzer vir Happy sal gee.

12.3. Die leerders moet hulle selfone in hulle sluitkaste toesluit gedurende skooltyd. Leerders mag hulle selfone slegs tydens pouse gebruik.

12.4. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

12.5. Daniel bid die gebede wat hy by ouma Ivy geleer het. Dit laat hom kalmeer.

12.6. ’n Rot

12.7. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

12.8. “Die lug is nie meer helderblou nie. Sy sporthorlosie wys dit is halfvyf.”

12.9. mnr.

12.10. Daar bestaan geen twyfel oor die waarheid van ’n saak of aangeleentheid nie.

## HOOFSTUK 13 – Met onwillige honde kan mens nie hase vang nie

13.1. Die ouers moet eers vir Daniel as vermis by die polisie aangee.

13.2. Josef ken nie vir Daniel nie. Sy onderwyser het hom daar aangebring en sy antwoord nie haar selfoon nie.

13.3. Snuffelhonde kan deur die polisie gebruik word om mense op te spoor aangesien hulle reuksintuig baie skerp is.

13.4. **ONWAAR**

13.5. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

13.6. Daniel se ouers moet hom eers as vermis by die polisie rapporteer.

13.7. Daniel se tas en foon is nog by die skool. Daniel het ook nie skelmpies huis toe gegaan nie.

13.8. Daniel se naam staan op die hokkiesokkie geskryf.
Daniel se rooi veters wat om die halsband vasgedraai is.
Die bladsy wat Daniel uit sy boek geskeur het met ouma Ivy se boodskap wat voorin geskryf is.

13.9. Hy word bederf met Hilman's se beesvleiskorrels.

13.10. Happy het gestink en daar was geel modder aan sy pens. Die slote in die veld is almal geel.

13.11. Die een polisieman is **vet** terwyl die ander een **maer** is.

13.12. **Leerder se eie beskrywing van Josef se karakter gebaseer op sy dade**.

13.13. a) hond
b) maag

13.14. 'n Harnas is 'n **toom**. Dit is dus soortgelyk aan 'n leiband.

13.15. My leiband **word deur** Josef aan**ge**klik.

## HOOFSTUK 14 – Hoe kleiner brak, hoe groter die geraas

14.1. 'n Ietermagô is 'n insekvretende dier.

14.2. Een van die rotte in die stormwaterpyp het die Fizzer gesteel en opgeëet.

14.3. Jock is die hond in die storieboek wat ouma Ivy vir hom gegee het.

14.4. **D** (voorbeeld van **morsekode**)

14.5. Indien hy nie water drink nie gaan hy dehidreer en kan hy moontlik sterf as gevolg van die dors.

14.6. Happy het terug in die tonnel gespring om by Daniel te wees.

14.7. **Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.

14.8. Daniel se keel is seer as gevolg van die feit dat hy vir lank om hulp geroep (geskree) het.

14.9. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met **twee** gepaste redes.)
14.10. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)
14.11. Die hoofstuk speel af in die stormwaterpyp.

## HOOFSTUK 15 – Ek is 'n ou hond as dit by rotte vang kom

15.1. Happy het al voorheen rotte gevang. Hy is goed daarmee.
15.2. Daniel het 'n klip gebruik om vanuit die stormwaterpyp te kommunikeer. (Hy het die klip teen die rand van die stormwaterpyp gekap.)
15.3. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)
15.4. Die boek wat hy by sy ouma Ivy gekry het handel oor 'n hond genaamd Jock wat soos hy baie dapper was.
15.5. Daniel vra om verskoning dat daar niks van die Fizzer oor is nie aangesien hy belowe het om dit vir Happy te gee.
15.6. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)
15.7. Die tyd verwys na **vroeër daardie dag**. ("ingeval het")
15.8. a) Daniel sê vir Happy **dat hy** 'n dapper hond **is**.
b) Happy vra vir Daniel **waarom hy** nie met die klip teen die pyp **kap** nie.
c) Josef het vir Happy gesê **dat hy** nie **daardie dag** rotte **moes eet** nie.
d) Happy sê **dat** Foksies rotjagters is.
e) Daniel skree **dat** Happy **hom moet help**.

## HOOFSTUK 16 – So bekend soos die bont hond

16.1.1. **F**
16.1.2. **J**
16.1.3. **A**
16.1.4. **H**
16.1.5. **I**
16.1.6. **B**
16.1.7. **C**
16.1.8. **E**

16.1.9. **D**

16.1.10. **G**

16.2. Die persoon gee nie om nie of toon nie enige simpatie of empatie nie.

16.3. nadat / waarom / aangesien / dan / toe

(**Onthou**: Alle **vraagwoorde** is ook voegwoorde.)

## HOOFSTUK 17 – ’n Hond is die mens se beste vriend

17.1. Colette se ma van Radio Regstreeks is besig om met hulle ’n onderhoud te voer.

17.2. Die joernalis is Colette se ma.

17.3. Die grondwal versper die toegang tot die mangat waarin Daniel en Happy is.

17.4. **Leerder se eie antwoord**.

17.5. Happy verwys daarna dat Daniel ook nou as tiener in meisies belangstelling toon.

17.6. Happy word met Tintin (“Kuifie” in Afrikaans) se hondjie vergelyk.

17.7. Daniel hakkel en wil nooit in die klas hardop lees nie. Die feit dat hy hardop vir Happy gaan lees toon dat hy meer selfvertroue het en nie bang is om vir Happy te lees nie.

17.8. Dit was meneer Herman Bakkes.

17.9. **Nee**. Meneer Bakkes was onder die indruk dat Daniel net skaam is.

17.10. Almal wat gaan help, sal ’n worsrol ontvang.

17.11. Colette het onverwags opgedaag.

17.12. Happy se eienaar gaan opgespoor word.

17.13. **Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.

17.14. ’n Spraakterapeut help leerders soos Daniel met sy of haar spraak (of uitspraak) asook leestegnieke byvoorbeeld wanneer iemand hakkel.

17.15. a) Heerlike wors **word deur** een van die klaspappas by die ongelukstoneel **ge**braai.

b) ’n Onderhoud met Daniel **word deur** Colette se ma **ge**voer.

c) Daniel en Happy **is deur** Josef **ge**help.

d) Daniel en Happy **sal** môre **deur** die brandweerman **ge**red **word**.

e) Die grond **word deur** die gemeenskap weg van die mangat **ge**grawe.

## HOOFSTUK 18 – Hakskeenbyters kan ook nege lewens hê

18.1. Die term verwys na honde.

18.2. Katte is baie bedrywige troeteldiere en verkeer gereeld in gevaar deur byvoorbeeld op huise se dakke te loop.

18.3. Colette se pa het ingeval.

18.4. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

18.5. Daniel vind uit dat Colette gereeld oor hom gesels.

18.6. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

18.7. Oom Dennis verwys na sy kinderjare toe hy jonk was.

18.8. Dit is twee brandweermanne.

18.9. Die brandweerwa kon nie tot by die mangat ry nie omdat die grond onstabiel was.

18.10. Die graad 7B's, hulle ma's en pa's, twee polisiemanne, vier brandweermanne, juffrou Bosman, meneer Bakkes, Daniel se ma en pa asook die skoolhoof.

18.11. Colette se pa (Dennis) en Happy

18.12. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

18.13. **R**adio **R**egstreeks

18.14. Dit word vanuit die **derdepersoonsperspektief** vertel.

18.15. a) 'n **Elektroniese apparaat** wat gebruik word om swaar voorwerpe uit te trek of op te hys. (**selfstandige naamwoord**)

b) **Huil** (**werkwoord**)

c) **Kontrei** dui op 'n spesifieke plek of streek. (**selfstandige naamwoord**)

d) Iemand trek of vorm hul lippe deur dit prontuit uit te stoot (**byvoeglike naamwoord**)

e) **Knor** beteken om vir iemand te grom. (Hond) (**werkwoord**)

## HOOFSTUK 19 – Oor die hond se stert

19.1. Happy beskou die dag toe Daniel vir hom kom lees het as die opwindendste dag in sy lewe.

19.2. *Huisgenoot*

19.3. Ant Maizie het hom op Willowvale gewas en geskeer.
19.4. Happy se soort krulhare (wolle) maak mense nie siek nie.
19.5. Hy is mooi skoon gewas en ruik lekker.
19.6. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)
19.7. **Leerder se eie verduideliking**.
19.8. **ONWAAR**
19.9. **Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.
19.10. a) Happy het eergister in die veld gehardloop.
b) Daniel sal môre sy skooltas by die skool gaan haal.
c) Pam en Teboga het gister vir Happy gewas.
d) Annie is baie verlig om Daniel te sien.
e) Stoffel en Happy is dieselfde hond. / Happy en Stoffel is dieselfde hond.

## HOOFSTUK 20 – Elke hond kry sy dag, en 'n brak kry 'n naweek

20.1. **Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.
20.2. Hy het gewonder hoekom hy nie sy ouma geglo het dat mense hul hakkel kan wegskrik nie.
20.3. 'n Boek, 'n brak en spanwerk van Blinkwater Primêr.
20.4. Die skool het vir hom 'n nuwe kopie van *Jock van die Bosveld* gegee.
20.5. Die uitsending op Radio Regstreeks het daartoe gelei dat Happy se eienaar opgespoor is.
20.6. Niemand het 'n hond by die ongelukstoneel gesien nie.
20.7. Hy het beserings opgedoen (sy been gebreek) tydens die motorongeluk.
20.8. **Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.
20.9. "... maar hy glip soos 'n paling uit sy hande."

## HOOFSTUK 21 – Mens kan nie ou honde nuwe trieks leer nie – of kan jy?

21.1. Hy bly in Samuel se Tehuis om ná die ongeluk te herstel.
21.2. Honde en katte hou gewoonlik nie van mekaar nie. Dit is dus ironies dat hy die kat mis.

21.3. Die veearts gaan hom ondersoek, salf gee vir sy stert en ’n mikroskyfie inplant.
21.4. Hulle wag vir die mense van Hilman’s.
21.5. Honde dui hul blydskap aan deur hulle sterte te swaai.
21.6. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)
21.7. Hilman’s gaan Happy se foto op die verpakking van hulle korrels vir middelslaghonde sit. In ruil vir Happy se dienste gaan hulle kos vir die Helderberg Hondeskuiling skenk.
21.8. **ONWAAR**
21.9. Daniel is nog jonk en daar is baie avonture wat op hom wag. (**Enige soortgelyke antwoord**.)

## HOOFSTUK 22 – Onder die hond se stert

22.1. Sy gesels met Franchette wat in die bank langs haar sit.
22.2. Jy vra ’n persoon ’n vraag. Die persoon mag slegs “onder die hond se stert” antwoord. Indien die persoon lag, is die persoon uit. Die persoon wat ná drie vrae nie lag nie, wen.
22.3. Hy is selfbewus en bloos omdat Colette en haar maats lag. Hy weet dat hul vir hom lag of die spot dryf met hom.
22.4. Hy is kwaad omdat dit die meisie is van wie hy hou wat grappe oor hom maak.
22.5. Meneer Bakkes laat Daniel toe om tydens pouse vir hom te lees sodat hy nie voor die ander leerders hoef te lees nie.
22.6. Tydens tweede pouse oefen hulle in die doelhok of speel touchies.
22.7. Hy het vir Stoffel belowe om hardop voor die klas te lees.
22.8. Dit is die laaste kans wat hy gaan hê om sy belofte aan Happy (Stoffel) na te kom.
22.9. a) **om** honger **te** gaan slaap
b) **behoort** jou **te** skaam
c) **hoef nie** weer in die stormwaterpyp **te** slaap nie
d) **om** boeke **te** skenk
e) **hoef nooit** weer Happy genoem **te** word nie

## HOOFSTUK 23 – Hier word niemand soos 'n hond behandel nie

23.1. Daniel

23.2. Hy geniet suster Botes se geselskap.

23.3. Hy het vir haar geknipoog.

23.4. Stoffel het onthou van die belofte wat Daniel gemaak het.

23.5. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.)

23.6. a) klokke / klokkie

b) bakkies / bakkietjie

c) krae / kragie

d) tande / tandjie

e) halsbande / halsbandjie

(**Let op die korrekte spelling van die woorde**.)

## HOOFSTUK 24 – Mens hoef nie met alle honde saam te blaf nie

24.1. Die leerders is kriewelrig omdat dit amper tweede pouse is en oor die feit dat Daniel hardop voor die klas gaan lees.

24.2. Hulle wag vir oupa Solly.

24.3. Stoffel staan teen Daniel se been op en lek sy hand.

24.4. Hy gaan vir die eerste keer hardop voor sy klasmaats lees.

24.5. Sir Percy FitzPatrick

24.6. Hy volg sy pa se raad en maak of almal brakke is.

24.7. **Colette** – poedel

**Liam** – Jack Russell

**Sion** – windhond

**Franchette** – worshond

**Robbie** – staffie

**Meneer Bakkes** – wolfhond

**Oupa Solly** – labrador

24.8. **Leerder se eie antwoord** met 'n gepaste rede.

24.9. Hy kom tot die besef dat hy nie meer bang is dat hy gaan hakkel nie. Dit is alles danksy die gebeure van die afgelope paar dae.

24.10. ’n Skoothondjie is ’n klein hondjie wat gewoonlik binnenshuis bly en op sy of haar eienaar se skoot mag sit of slaap.

24.11. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

24.12. fabel

24.13.1. **H**

24.13.2. **J**

24.13.3. **A**

24.13.4. **F**

24.13.5. **B**

24.13.6. **C**

24.13.7. **I**

24.13.8. **D**

24.13.9. **E**

24.13.10. **G**